



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOGRAFIE V2
FEBRUARIE/MAART 2009

EKSAMEN-
NOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENTRUM-
NOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNT BEHAAL	100
NASIENER	
SENIOR NASIENER	
HOOFNASIENER	
MODERATOR	
TOTAAL	
	100

PUNTE: 100

TYD: 1 ½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.



HULPBRONMATERIAAL

1. 'n Uittreksel van topografiese kaart 2629CC STANDERTON.
2. Ortofotokaart 2629CC STANDERTON.
3. LET WEL: Die hulpbronmateriaal moet deur skole ingeneem word vir hul eie gebruik.
4. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou EKSAMENNOMMER en jou SENTRUMNOMMER in die ruimte wat op die voorblad van hierdie vraestel voorsien word.
2. Beantwoord AL die vrae in die ruimtes wat op hierdie vraestel voorsien word.
3. Jy word voorsien van 'n 1:50 000 topografiese kaart 2629CC STANDERTON en 'n ortofotokaart van 'n deel van die gekarteerde gebied.
4. Die topografiese kaart en die ortofotokaart moet aan die opsiener aan die einde van die eksamensessie oorhandig word.
5. Die volgende Afrikaanse terme of hulle Engelse vertalings word op die topografiese kaart aangedui.

AFRIKAANS

Uitgrawings
 Steenwerke
 Karavaanpark
 Stuwal/Keerwal
 Rioolwerke

ENGELS

Diggings
 Brickworks
 Caravan park
 Weir
 Sewerage works



VRAAG 1

Die volgende vrae is op die 1:50 000 topografiese kaart 2629CC STANDERTON sowel as die ortofotokaart van 'n deel van die gekarteerde gebied gebaseer. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) in die blok langs elke vraag (1.1 – 1.10) neer.

1.1 Die topografiese kaart suidwes van 2629CC Standerton verteenwoordig 'n deel van die ... provinsie.

- A Limpopo
- B Vrystaat
- C KwaZulu-Natal
- D Gauteng

1.2 Die rigting van die vliegveld in blok D10 vanaf Meyerville in blok G12 op die topografiese kaart is ...

- A noordwes.
- B suidwes.
- C suidoos.
- D noordoos.

1.3 Die damwal in blok G8 is op 'n hoogte van ... meter geleë.

- A 1 580
- B 1 540
- C 1 551
- D 1 560

1.4 Die vliegveld in blok D10 kom in die ... voor.

- A SSK
- B landelik-stedelike oorgangsones
- C residensiële gebied
- D krotbuurt-sone

1.5 Die verskynsel by 1 op die ortofotokaart is 'n ...

- A beboste gebied.
- B bewerkte landery.
- C rioolsuiweringswerk.
- D waterreservoir.

1.6 Die damme wat in die landelike gebiede van Standerton voorkom, word hoofsaaklik vir ... gebruik.

- A ontspanning
- B huishoudelike gebruik
- C nywerheidsdoeleindes
- D besproeiing



- 1.7 Die koördinate van trigonometriese stasie, nommer 101 in blok B 11, is ...
- A 26°53'46"S29°13'22"O / 26°53,7'S29°13,3'O.
 - B 26°53'46"O29°13'22"S / 26°53,7'O29°13,3'S.
 - C 29°13'22"S26°53'46"O / 29°13,3'S26°53,7'O.
 - D 29°13'22"O26°53'46"S / 29°13,3'O26°53,7'S.
- 1.8 Korswater word rondom Standerton vir landboudoeleindes gebruik. Een bewys om die gebruik van korswater te staaf, is die voorkoms van ...
- A riviere.
 - B damme.
 - C windpompe.
 - D krane.
- 1.9 Die kanaal van die Vaalrivier in blok F12, G11 en 12 is ...
- A reguit.
 - B kronkelend.
 - C gevleg.
 - D gegradeer.
- 1.10 Die verskynsel gemerk **2** op die ortofotokaart is 'n ...
- A dam.
 - B rioolsuiweringswerk.
 - C waterreservoir.
 - D voor .

(10 x 2) [20]

VRAAG 2

2.1 Bereken die lengte van die landingstrook, in meter, van suidoos na noordwes in blok D10.

(4)



2.2 Bereken die gemiddelde gradiënt op die ortofotokaart vanaf punt **3** na die trigonometriese stasie, nommer 70 (wes van punt **3**).

(5)


2.3 Teken 'n akkurate dwarsnit vanaf punt **4** na punt **5** op die ortofotokaart. Dui die ligging van die volgende verskynsels op jou dwarsnit aan:

- Waterreservoir
- Kraglyn
- Ontspanningsfasiliteit

Gebruik die volgende skale: Vertikale skaal – 1 cm verteenwoordig 10 m
Horisontale skaal – 1:10 000

Grafiekpapier vir die dwarsnit word op die volgende bladsy voorsien.





(9)
[18]

VRAAG 3

3.1 Verwys na die topografiese kaart.

3.1.1 Waarom is die vliegveld in blok D10 op die topografiese kaart geleë?

(2 x 2)(4)

3.1.2 Wat dink jy is die nadele daarvan om in 'n nedersetting te woon wat naby die vliegveld in blok D10 geleë is?

(2 x 2)(4)



- 3.2 Verwys na die topografiese kaart.
- 3.2.1 Wat is die oorheersende (hoof) ekonomiese aktiwiteit wat in die landelike gebiede van Standerton beoefen word? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- _____
- _____
- _____ (2 x 2)(4)
- 3.2.2 Wat is die produk wat geproduseer word deur die ekonomiese aktiwiteit in VRAAG 3.2.1 hierbo genoem?
- _____ (1 x 2)(2)
- 3.3 Sakhile groei na die weste. Gee EEN rede, wat op die ortofotokaart sigbaar is, waarom dit vir die inwoners van hierdie woonbuurt onmoontlik is om na die noorde uit te brei.
- _____
- _____ (1 x 2)(2)
- 3.4 Verwys na beide die ortofotokaart en die topografiese kaart en identifiseer die verskynsels/grondgebruike genummer **6**, **7** en **8** op die ortofotokaart.
- 6** _____
- 7** _____
- 8** _____ (3 x 2)(6)
- 3.5 Verwys na blok D3 op die topografiese kaart.
- 3.5.1 Watter besproeiingsmetode word gebruik om die bewerkte landerye in blok D3 nat te lei?
- _____ (1 x 2)(2)
- 3.5.2 Noem EEN voordeel van die besproeiingsmetode in VRAAG 3.5.1 hierbo genoem.
- _____ (1 x 2)(2)
- 3.6 Dit blyk baie duur te wees om paaie in en om Standerton te bou. Noem die hoofrede hiervoor.
- _____ (1 x 2)(2)

3.7 Verwys na die geomorfologiese verskynsel in blok F6 op die topografiese kaart.

3.7.1 Identifiseer die geomorfologiese verskynsels (gemerk **A**) langs Brakspruit in blok F6 op die topografiese kaart.

(1 x 2)(2)

3.7.2 Beskryf kortliks die vorming van die geomorfologiese verskynsel in VRAAG 3.7.1 hierbo genoem.

(2 x 2)(4)

3.8 Een van die beginsels van Batho Pele, naamlik 'Mense Eerste', het te make met die toeganklikheid van dienste vir die mense. Vind dit regtig in Sakhile plaas? Motiveer jou antwoord.

(2 x 2)(4)

3.9 Verklaar die ligging van die skietbaan noord van Florapark (blok D12).

(1 x 2)(2)
[40]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen *ruimtelike* en *attribuut*-data.

Ruimtelike:

Attribuut

(2 x 2)(4)



- 4.2 Gee TWEE voorbeelde van ruimtelike data wat op die topografiese kaart en ortofotokaart gevind word.
-
-
- (2 x 2)(4)
- 4.3 Datastoring in GIS moet in die volgende vorm wees:
- 4.3.1 _____
- 4.3.2 _____
- (2 x 2)(4)
- 4.4 Noem TWEE prosesse wanneer met 'n GIS gewerk word.
-
-
- (2 x 2)(4)
- 4.5 Definieer die term *afstandwaarneming*.
-
-
- (1 x 2)(2)
- 4.6 Beantwoord die volgende oor ruimtelike resoluëie.
- 4.6.1 Definieer die term *ruimtelike resoluëie*.
-
-
- (1 x 2)(2)
- 4.6.2 Het die ortofotokaart of die topografiese kaart 'n hoër ruimtelike resoluëie?
-
- (1 x 2)(2)
[22]
- TOTAAL: 100**

